



Western Cape  
Government

Department of the Premier



PRESTASIEJAARPLAN  
2012/13  
Departement van die  
Premier

Departement van die Premier  
Posbus 659, Kaapstad 8000  
tel: +27 21 483 6626 faks: +27 21 483 3300  
[www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)

---

Engelse en isiXhosa-weergawes van hierdie publikasie is op versoek beskikbaar. E-pos:  
[Hazel.Mzamo@pgwc.gov.za](mailto:Hazel.Mzamo@pgwc.gov.za)



Wes-Kaapse  
Regering

Departement van die  
Premier

PR40/2012 – ISBN: 978-0-621-  
40677-1

## VOORWOORD

Baie harde werk en strategiese oorwegings het die opstel van 2012/2013 se Prestasiejaarplan vir die Departement van die Premier gekenmerk. Die plan draai grootliks rondom een van ons regering se twaalf strategiese doelwitte, naamlik die "bou van die besbestuurde streeksregering in die wêreld". Hierdie strategiese doelwit is gemik op 'n doeltreffende, deursigtige, aksienemende en korrupsievrye regering wat kostedoeltreffende dienste aan sy burgers lewer.

Die leweringsmikpunte vervat in hierdie Prestasiejaarplan is versigtig gekies, nagegaan en hersien om te verseker dat dit in lyn is met hierdie doelwit. Sommige van die uitkomstes sal eers oor 'n paar jaar duidelik wees, maar hierdie is die eerste finansiële jaar waarin ons regering die geleentheid het om fondse toe te wys aan leweringsmikpunte gerig op die bereiking van al twaalf strategiese doelwitte in die begrotingsiklus.

Sommige van die sleutel-leweringsmikpunte vervat in die Departement van die Premier se Prestasiejaarplan vir 2012/2013 sluit die volgende in:

Eerstens sal ons bly fokus op die versterking van ons strategiese vennootskappe met ander lande, veral in gebiede waar ons handel kan uitbrei, beleggings kan lok en lesse oor beste praktyk by ander streeksregerings kan leer wat ons in ons provinsie kan toepas.

Tweedens sal die Departement van die Premier voortgaan met die implementering van die provinsiale transversale bestuurstelsel, wat beter administratiewe integrasie regoor alle departemente sal verseker, asook beter koördinasie en samewerking wat betref die uitvoer van funksies. Ons twaalf strategiese doelwitte strek oor tradisionele lynfunksies en sukses met ons transversale bestuurstelsel is noodsaaklik as ons hierdie doelwitte wil bereik.

Ons het ook 'n omvattende handelsnaam en kommunikasiestrategie vir die Wes-Kaapse Regering ontwikkel wat ons in die komende finansiële jaar verder sal bly hersien, verbeter en toepas.

Nog 'n verandering is die skepping van 'n nuwe subprogram genaamd Strategiese Projekte, wat op die ontwikkeling van 'n geïntegreerde strategie vir groot geleenthede vir die Wes-Kaapse Regering gerig sal wees. Tot dusver is geleenthede op 'n ad hoc-grondslag deur departemente gereël en is dit nie behoorlik in lyn met ons strategiese doelwitte gebring nie. Hierdie nuwe subprogram sal verseker dat alle geleenthede wat deur die provinsiale regering aangebied word, reële voordele vir die provinsie en sy inwoners inhou.

Die vestiging van die Sentrum vir Korporatiewe Dienste het reeds begin om regdeur die provinsiale regering positiewe resultate te lewer wat betref beter koördinasie en beduidende kostebesparings rakende personeelbestuur-, inligtingstegnologie- en risikobestuur dienste. Die Departement van die Premier sal hom in die komende finansiële jaar toespits op die verbetering van sy personeelfunksie deur die oorskakeling vanaf die PERSAL-stelsel na die SAP-personeelbestuurstelsel en die implementering van 'n aanlyn-werksaansoekstelsel in alle provinsiale departemente.

Die Departement van die Premier sal ook in samewerking met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme van die Stad Kaapstad, sowel as ander regeringsdepartemente en munisipaliteite breëbandvermoë regoor die provinsie uitbrei, wat meer geleenthede vir ons inwoners sal skep, van werksoek tot sake-uitbreiding.

Een van die hoofprioriteite van die Departement van die Premier is om beslissend teen bedrog en korrupsie op te tree. As deel van hierdie strategie sal die Departement voortgaan om die vermoë van die Forensiese Ondersoekendeheid te verbeter deur uitkontraktering en die instelling van pro-aktiewe inisiatiewe om bewustheid van bedrog in die provinsiale regering te verhoog. Die eenheid sal ook voortgaan om die tydsduur van sy ondersoeke na beweerde bedrog en/of korrupsie te verminder.

Ek is vol vertroue dat die leweringsmikpunte gestel in die Prestasiejaarplan uiteindelik tot meer geleenthede vir alle inwoners van die Provinsie sal lei om hul volle potensiaal te verwesenlik en lewens van waarde te lei. Ek onderneem om seker te maak dat die Departement van die Premier die leierskap- en koördineringsrol sal speel wat in hierdie Prestasiejaarplan daarvoor uiteengesit is en onderliggend is aan sy poging om die besbestuurde streeksregering in die wêreld te bou.

**Helen Zille**  
**Premier van die Wes-Kaap**  
**Uitvoerende Gesag van die Departement van die Premier**

**AMPTELIKE  
GOEDKEURING**

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Prestasiejaarplan:

- Opgestel is deur die bestuur van die Departement van die Premier met riglyne verskaf deur die Premier, Helen Zille;
- Opgestel is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Departement van die Premier;
- Die prestasieteikens wat die Departement van die Premier sal probeer haal gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2012/2013 beskikbaar gestel is, akkuraat weerspieël.

**Mnr. Drikus Basson**  
**Finansiële Hoofbeampte**

**Handtekening:** \_\_\_\_\_

**Mnr. Almo Geldenhuys**  
**Direkteur: Departementele Strategie**

**Handtekening:** \_\_\_\_\_

**Adv. Brent Gerber**  
**Rekeningkundige Beampte**

**Handtekening** \_\_\_\_\_

**Goedgekeur deur:**  
**Helen Zille**  
**Premier (Uitvoerende Gesag)**

**Handtekening:** \_\_\_\_\_

## INHOUD

<b>DEEL A: STRATEGIESE OORSIG .....</b>	<b>1</b>
1. Bygewerkte situasie-ontleding.....	2
1.1 Prestasieleweringsomgewing.....	5
1.2 Organisasoriese omgewing.....	6
2. Hersienings van wetgewende en ander mandate.....	8
3. Oorsig van 2012/13-begroting en Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR).....	10
3.1 Ramings van besteding .....	10
3.2 Bestedingstendense verwant aan strategiese doelwitte.....	11
<b>DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE .....</b>	<b>12</b>
4. PROGRAM 1: UITVOERENDE ONDERSTEUNING (ADMINISTRASIE).....	13
4.1 Strategiese mikpunte en jaarteikens 2012/13.....	14
4.2 Prestasie-aanwysers en jaarteikens 2012/13.....	15
4.3 Kwartaalteikens vir 2012/13 .....	17
4.4 Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR.....	19
4.5 Prestasie- en bestedingstendense .....	20
5. PROGRAM 2: PROVINSIALE STRATEGIESE BESTUUR.....	20
5.1 Strategiese mikpunte en jaarteikens vir 2012/13 .....	22
5.2 Prestasieaanwysers en jaarteikens vir 2012/13.....	23
5.3 Kwartaalteikens vir 2012/13 .....	25
5.4 Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR.....	27
5.5 Prestasie- en bestedingstendense .....	28
6. PROGRAM 3: MENSEKAPITAAL (KORPORATIEWE DIENSTESENTRUM) .....	28
6.1 Strategiese mikpunte en jaarteikens vir 2012/13 .....	29
6.2 Prestasie-aanwysers en jaarteikens vir 2012/13.....	30
6.3 Kwartaalteikens vir 2012/13 .....	34
6.4 Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR.....	37
6.5 Prestasie- en bestedingstendense .....	38




7.	PROGRAM 4: SENTRUM VIR E-INNOVERING (KORPORATIEWE DIENSTESENTRUM).....	39
7.1	Strategiese mikpunte en jaarteikens vir 2012/13 .....	40
7.2	Prestasieaanwysers en jaarteikens vir 2012/13 .....	41
7.3	Kwartaalteikens vir 2012/13 .....	43
7.4	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTBR .....	45
7.5	Prestasie- en bestedingstendense .....	46
8.	PROGRAM 5: KORPORATIEWE VERSEKERING (KORPORATIEWE DIENSTESENTRUM).....	47
8.1	Strategiese mikpunte en jaarteikens 2012/13 .....	48
8.2	Prestasieaanwysers en jaarteikens vir 2012/13.....	49
8.3	Kwartaalteikens vir 2012/13 .....	52
8.4	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTBR.....	55
8.5	Prestasie- en bestedingstendense .....	56
<b>DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE.....</b>		<b>57</b>
9.	Skakels met die langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne.....	58
10.	Voorwaardelike toelaes.....	58
11.	Openbare entiteite.....	58
12.	Openbare-private vennootskappe.....	58
<b>AANHANGSEL A: ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN DIE PREMIER .....</b>		<b>59</b>
	Diagram 1: Hoofdiagram.....	60
	Diagram 2: Korporatiewe Dienstesentrum .....	61
	Diagram 2.1: Sentrum vir E-Innovering.....	62
	Diagram 2.2: Mensekapitaal.....	63
	Diagram 2.3: Korporatiewe Versekering.....	64

**DEEL A:**  
**STRATEGIESE OORSIG**

### 1. Bygewerkte situasie-ontleding

Die Departement van die Premier onderskryf die visie en missie van die Wes-Kaapse Regering (WKR) en sy kernmandaat is die verwesenliking van die interne provinsiale visie en missie soos in die diagram hieronder getoon.

#### WES-KAAPSE REGERING SE VISIE EN MISSIE



#### Kernwaardes

Ons verbind ons tot diens ooreenkomstig die volgende waardes:

#### Bevoegdheid (Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor jy aangestel is)

- Ons is in staat om die werk te doen waarvoor ons aangestel is en streef altyd na uitnemendheid.
- Ons ontwikkel en help ons mense om te groei deur hulle in staat te stel en te bemagtig om hul werk te doen ter ondersteuning van dienslewering.
- Ons bemagtig werknemers om 'n uitstekende diens aan die mense van die Wes-Kaap te lewer en daarop te fokus.
- Ons toon kennis en begrip van – en werk saam om take ingevolge die grondwetlike, wetgewende en verkiesingsmandate uit te voer.

#### Verantwoordbaarheid (Ons neem verantwoordelikheid)

- Ons het 'n duidelike begrip van ons visie, missie, strategiese doelwitte, rolle, delegering en verantwoordelikhede.
- Ons lewer resultate en haal teikens met klem op gehalte en om binne begrotings en tydsraamwerke te bly.
- Ons hou mekaar verantwoordelik as staatsamptenare en weet ons kan mekaar vertrou om resultate te lewer.
- Ons neem individueel verantwoordelikheid en eienaarskap van ons werk, optrede en besluite.



### **Integriteit (Om eerlik te wees en die regte ding te doen)**

- Ons skep 'n etiese omgewing deur eerlik te wees, respek te betoon en positiewe waardes uit te leef.
- Ons soek die waarheid en doen die regte dinge op die regte manier in elke situasie.
- Ons is betroubaar en konsekwent wat betref woord en daad.
- Ons tree op alle vlakke en in alle omstandighede met integriteit op met geen verdraagsaamheid teenoor korrupsie nie.

### **Responsiwiteit (Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien)**

- Ons fokus is die burger en die bou van verhoudings wat ons in staat stel om behoeftes te voorsien en pro-aktief op te tree.
- Ons neem mekaar en burgers ernstig op, is toeganklik en luister na wat hulle sê.
- Ons reageer met tydige optrede en binne die ooreengekome tydsraamwerke.
- Ons werk met mekaar en belanghebbendes saam, verskaf toepaslike en betroubare inligting en deel dit op 'n verantwoordelike wyse.

### **Sorgsaamheid (Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk)**

- Ons ag al ons werknemers en burgers en behandel hulle met waardigheid en respek.
- Ons luister aktief en toon meeleving met ons werknemers en burgers.
- Ons ondersteun – en toon belangstelling in mekaar as werknemers en die burgers deur vir almal se welsyn om te gee.
- Ons toon waardering vir en gee erkenning aan werknemers en burgers.

### **Strategiese doelwitte en mikpunte**

Die strategiese doelwitte en mikpunte van die Departement bly grootliks dieselfde behalwe vir 'n paar kleiner semantiese veranderinge wat nie die essensie van die doelwitte beduidend verander nie. In die 2011/12-boekjaar het die Departement egter die behoefte aan 'n geïntegreerde strategie vir groot geleenthede vir die Wes-Kaapse Regering geïdentifiseer. Die Wes-Kaap en Kaapstad spesifiek, het 'n stewige rekord as 'n bestemming vir geleenthede, maar tog was die Provinsie se benadering tot geleenthede nog altyd grootliks ad hoc en nie gegrond op 'n strategiese visie en gerig op 'n strategiese pad nie. Die Uitvoerende Bestuurskomitee van die Departement het gevolglik besluit om 'n bykomende mikpunt (Strategiese Mikpunt 2.4) te ontwikkel om aandag aan hierdie behoefte te gee.

Die departementele strategiese doelwitte en mikpunte word in Tabel 1 opgesom.

Tabel 1: Strategiese doelwitte en mikpunte van die Departement van die Premier

STRATEGIESE DOELWIT	STRATEGIESE MIKPUNTE
<p>1. Om relevante en tydige uitvoerende regeringsondersteuningsdienste aan die Uitvoerende bestuur en die Direkteur-generaal van die Wes-Kaapse Regering te lewer (Program 1).</p>	<p>1.1 Om 'n administratiewe ondersteuningsdiens aan die Premier te verskaf (Subprogram 1.2).</p> <p>1.2 Om doeltreffende regering te ondersteun deur die verskaffing van 'n toeganklike uitvoerende sekretariaat, protokol en administratiewe ondersteuning, strategiese leiding en inligting oor internasionale betrekkinge en menseregte (Subprogram 1.3).</p> <p>1.3 Om met departementele bestuursondersteuning die Direkteur-generaal in staat te stel om sy statutêre pligte en strategiese rolle en verantwoordelikhede na te kom (Subprogramme 1.4 en 1.5).</p>
<p>2. Om die Premier en die Kabinet professioneel by te staan sodat hulle hul uitvoerende bestuur met betrekking tot provinsiale strategiese bestuur doeltreffend kan uitoefen (Program 2).</p>	<p>2.1 Om die Uitvoerende bestuur strategies te ondersteun met die ontwikkeling en implementering van 'n hoë vlak van <b>provinsiale beleid en strategieë (Subprogram 2.2)</b>.</p> <p>2.2 Om die Uitvoerende bestuur te ondersteun met die regeer van die Provinsie deur akkurate strategiese bestuursinligting te verskaf, verkry deur die resultate van die toepassing van die provinsiale strategiese mikpunte en hul uitkomst te meet (Subprogram 2.3).</p> <p>2.3 Om eksterne kommunikasie te koördineer en te verseker dat die Wes-Kaapse Regering die leweringmikpunte en uitkomst van die provinsiale strategiese plan aan die mense van die Wes-Kaap oordra (Subprogram 2.4).</p> <p>2.4 Om die Uitvoerende bestuur strategies te ondersteun met die fasilitering van groot geleenthede/projekte met provinsiale groei- en ontwikkelingspotensiaal op interdepartementele, interregering- en/of intersektorale vlak (Subprogram 2.6).</p>
<p>3. Om effektiewe, doeltreffende en professionele korporatiewe dienste met uitstekende mense, prosesse en tegnologie te lewer en dienslewering deur die Wes-Kaapse Regering te optimaliseer. (Programme 3, 4 en 5).</p>	<p>3.1 Om 'n hoogs bekwame werksmag en bemagtigende werksomgewing te skep en leierskap te ontwikkel wat werknemersdeelname en optimale dienslewering bevorder (Subprogramme 3.2, 3.3 en 3.4).</p> <p>3.2 Om dienslewering te optimaliseer deur strategiese rigting en innoverende inligting en kommunikasietegnologie binne die Wes-Kaapse Regering te verskaf (Subprogramme 4.2 en 4.3).</p> <p>3.3 Om 'n volwasse beheerraamwerk in alle Wes-Kaapse departemente moontlik te maak deur ingebedde risikobestuur, beter sakeprosesse en geen verdraagsaamheid teenoor bedrog en korrupsie nie (Subprogramme 5.2, 5.3 en 5.4).</p> <p>3.4 Om regsteun soos die opstel van wetgewing, litigasiehulp en korporatiewe regsadviesdienste te verskaf, sodat verseker word dat besluitneming in die Wes-Kaapse Regering op gesonde regsgronde berus (Subprogram 5.5).</p> <p>3.5 Om konsekwente toepassing van die provinsiale kommunikasiestrategie wat betref die boodskap en vestiging van 'n korporatiewe identiteit te verseker deur die lewer van korporatiewe kommunikasiedienste (Subprogram 5.6).</p>



## 1.1 Prestasieleweringsomgewing

Kort ná ampstaanvaarding het die Uitvoerende Gesag 'n situasie-ontleding gedoen en 'n paar kwessies geïdentifiseer wat spesifieke ingryping vereis het. Onder leiding van die Premier het die Departement begin met 'n moderniseringsproses om die funksionering van die Wes-Kaapse Regering op te knap sodat diensleweringsvermoë en finansiële doeltreffendheid verhoog kan word.

Die konsep- provinsiale strategiese plan is in die finansiële jaar van 2011/12 gefinaliseer en vir oorlegpleging versprei. Een van die provinsiale strategiese doelwitte vervat in hierdie plan verwys na "die bou van die besbestuurde streeksregering in die wêreld" (provinsiale strategiese doelwit 12, of PSD 12). Hierdie strategiese doelwit is in 2011/12 deur die provinsiale kabinet gefinaliseer en goedgekeur en het 'n beduidende uitwerking op die Departement van die Premier se prestasiejaarplan vir 2012/13 gehad. Die Moderniseringsprogram was die voorloper van hierdie strategiese doelwit en die bloudrukke waarna in die Strategiese plan verwys word, gaan grootliks oor die identifikasie van die volgende ses uitkomstemas of fokusgebiede:

1. Doeltreffende en deursigtige institusionele regering;
2. Finansiële bestuur;
3. Mensebestuur;
4. E-regering;
5. Burgersentriese dienslewering; en
6. Bestuur vir resultate.

Die belangrikste impakte wat met hierdie uitkomste gesoek is, hang saam met goeie regering deur die Wes-Kaapse Regering en 'n beter lewensgehalte vir die inwoners van die Wes-Kaap.

Elk van die bogenoemde fokusgebiede is verder verdeel in spesifieke uitkomste wat op hul beurt bestaan uit spesifieke uitkomste met teikens. Hierdie uitsette en hul verwante teikens lê ten grondslag van 2012/13 se prestasieplan van die Departement. Elke daaropvolgende departementele prestasiejaarplan vir die finansiële jaar tot 2014/15 sal progressief probeer om uitkomste op medium termyn te haal. Dit word egter aanvaar dat baie daarvan eers ná vyf jaar of meer resultate sal lewer.

'n Nuwe departementele strategiese mikpunt is ontwikkel en daarom is 'n nuwe subprogram, naamlik *Strategiese Projekte*, in Program 2: *Provinsiale Strategiese Bestuur* geskep. Hierdie mikpunt is ontwikkel om die uitvoerende bestuur strategies te ondersteun met die fasilitering op interdepartementele, interregering- en intersektorale vlak van belangrike geleenthede/projekte met die potensiaal om provinsiale groei en ontwikkeling aan te help.

Nog 'n onlangse ontwikkeling is die uitkontraktering van die dienste van die Forensiese Ondersoekendeheid in die Program *Korporatiewe Versekering*. Die res van die Departement se strategiese doelwitte en mikpunte bly meestal onveranderd behalwe vir klein taalveranderinge in 'n paar gevalle.

Die belangrikste beskermhede van die PSD 12 is die Departement van die Premier, die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Bestuur as die kern-regeringsagente. Die hoof-verantwoordelikheid van die Departement van die Premier is die koördinering van die nodige optrede om die provinsiale strategiese mikpunte as deel van die provinsiale strategiese plan te implementeer. Die Departement van die Premier sal sy fokus in die 2012/13-boekjaar van beplanning na implementering verskuif.

## 1.2 Organisasoriese omgewing

'n Noodsaaklike deel van die opstel van die Prestasiejaarplan vir 2012/13 was om die sterk punte van die Departement en die beperkings waardeur dit in die gesig gestaar word, te ondersoek. Die evaluering is op 'n departementele beplanningssessie in Augustus 2011 gedoen, waar die departement se senior bestuur leweringsmikpunte voorgestel het in reaksie op die departement se strategiese en bedryfsomgewing. 'n Risiko-assessering is ook per program by die beplanningssessie gedoen. Die Direkteur-generaal en sy bestuurspan het voortgegaan om die voorgestelde leweringsmikpunte krities teen beskikbare hulpbronne te ontleed, wat die geselekteerde prestasie-aanwysers vervat in hierdie plan, tot gevolg gehad het. Verwante risiko's vir die bereiking van hierdie planne is in die departementele strategiese risikoregister en bedryfsrisikoregisters vir programme opgeneem.

'n Ontleding van die prestasie- en organisatoriese omgewings het gelei tot die identifikasie van die volgende organisatoriese sterk punte:

- Is tegnologieë gevorderd en op die voorpunt van vernuwing;
- Is in staat om 'n aantal beste praktyke nasionaal te behaal, byvoorbeeld wat betref die herontwerp van organisatoriese strukture om in lyn te wees met strategiese noodsaaklikhede en regering;
- Verbeterde monitering- en evalueringsvermoë; en
- Beleidseenvormigheid regoor die Provinsie.

Beperkings wat die Departement van die Premier moet hanteer, sluit die volgende in:

- Afhanklikheid van ander departemente om sy teikens te haal vanweë die transversale aard van sy funksies;
- Voldoening aan regsvoorskrifte is in sommige gevalle onbevredigend. Beroepsgesondheid en Veiligheid sowel as Minimum Inligtingsekuriteitstandaarde is twee gebiede wat voorkeur moet kry;
- Daar is ruimte vir verbetering by sake verwant aan korporatiewe regering, bv. die volwassenheid van finansiële bestuursvermoë en bedrog- en risikobestuur; en
- Hulpbronbeperkings: Gegewe die konserwatiewe ekonomiese vooruitsigte was interne herprioritering van beplande leweringsdoelwitte onafwendbaar.

Die Departement van die Premier is verantwoordelik vir goeie provinsiale regering. Om hierdie mandaat na te kom, is vyf programme geïdentifiseer. Die departement is in drie hoof- sake-eenhede verdeel. Die struktuur van die tak en sy funksionering volgens die verskillende programme word in Tabel 2 aangetoon.

Tabel 2: Struktuur en funksionering van die Departement van die Premier

Struktuur van Departement	Program	Subprogram
<b>1. Tak: Uitvoerende Steun</b> 1.1 Kantoor van die Premier 1.2 Uitvoerende Sekretariaat 1.3 Kantoor van die Direkteur-generaal	<b>1. Steun aan Uitvoerende bestuur</b> (Administrasie)	1.1 Programondersteuning 1.2 Kantoor van die Premier 1.3 Uitvoerende Sekretariaat 1.4 Kantoor van die Direkteur-generaal 1.5 Departementele Finansies en Administrasie
<b>2. Tak: Provinsiale Strategiese Bestuur</b> 2.1 Beleid en Strategie 2.2 Strategiese Bestuursinligting 2.3 Strategiese Kommunikasie 2.4 Strategiese Projekte	<b>2. Provinsiale Strategiese Bestuur</b>	2.1 Programondersteuning 2.2 Beleid en Strategie 2.3 Strategiese Bestuursinligting 2.4 Strategiese Kommunikasie 2.5 2010 se FIFA-wêreldbeker <sup>01</sup> 2.6 Strategiese Projekte
<b>3. Korporatiewe Dienstesentrum</b> 3.1 Mensekapitaal 3.2 Sentrum vir E-Innovering 3.3 Korporatiewe Versekering 3.4 Regsdienste 3.5 Korporatiewe Kommunikasie	<b>3. Mensekapitaal</b>	3.1 Programondersteuning 3.2 Organisasoriese Ontwikkeling 3.3 Provinsiale Opleidingsinstituut 3.4 Personeelbestuur
	<b>4. Sentrum vir E-Innovering</b>	4.1 Programondersteuning 4.2 Strategiese ICT-dienste 4.3 GITO-bestuursdienste
	<b>5. Korporatiewe Versekering</b>	5.1 Programondersteuning 5.2 Ondernemingsrisikobestuur 5.3 Interne Oudit 5.4 Forensiese Ondersoekeenheid 5.5 Regsdienste 5.6 Korporatiewe Kommunikasie

Dit is belangrik om daarop te wys dat die funksies van Programme 1 en 2 onder die takke val met eenderse name in die organogram van die Departement, terwyl Programme 3 tot 5 onder die afdeling bekend as die Korporatiewe Dienstesentrum val. Die organisatoriese struktuur van die Departement van die Premier verskyn by hierdie verslag as Aanhangel A.

’n Aantal inisiatiewe wat bykomende personeel nodig mag hê, is geïdentifiseer. Dit hou onder meer verband met:

- Vermoë om ten volle aan die wetgewing en beleidsraamwerke rakende beroepsgesondheid en veiligheid en sekuriteit te voldoen;
- Vermoë om ’n transversale kommunikasiefunksie aan die Wes-Kaapse Regering te lewer;
- Vermoë om die pasontwikkelde konsep van die Provinsiale Personeelbestuurstrategie te implementeer;
- Vermoë om aan verslagdoening rakende nasionale monitering en evaluering te voldoen;
- Vermoë om ’n omvattende ondernemingsrisikobestuurdiens aan klientdepartemente te lewer, gegrond op die strategie opgestel en geïmplementeer; en
- Bykomende vermoë in die Hoofdirektoraat: Interne Oudit, hoofsaaklik om interne ouditdekking te verhoog en ook gebiede in te sluit wat nie voorheen in planne ingesluit is nie (bv. Interne oudit van IT en prestasie-oudits).

<sup>1</sup> Hierdie subprogram is opgeskort omdat dit sy einde bereik het, en dus is geen uitsette en teikens in die PJP vir 2012/13 ingesluit nie. Dit is egter in Begrotingsverklaring II ingesluit om historiese besteding te toon.

Daarby moet voorsiening gemaak word vir die befondsing van veranderingsbestuursingrypings gemik op die hoë entropievlakke in die Wes-Kaapse Regering, en vir 'n elektroniese verlofstelsel.

## 2. Hersienings van wetgewende en ander mandate

Die wetgewende en ander mandate, soos hieronder weerspieël, is nie 'n hersiening van dié wat in die vyfjaar- (5) strategiese plan van 2010/11–2014/15 verskyn het nie. Die aanbevelings van die moderniseringsprogram se taakspan wat na die hersiening van openbare entiteite gekyk het, mag egter nuwe of gewysigde wetgewing rakende openbare entiteite tot gevolg hê. As deel van die modernisasieproses is voorgestel dat die Provinsiale Ontwikkelingsraad (PDC) ontbind word. Die Wetsontwerp op die Terugtrekking van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad is in Desember 2011 aanvaar. Die Wet is in Desember 2011 in die Staatskoerant gepubliseer, wat tot die ontbinding van die PDC gelei het.

Die Grondwetlike mandate wat hierdie Departement moet nakom, hou verband met die magte, funksies en verantwoordelikhede van die Wes-Kaapse Regering om die nasionale Grondwet te eerbiedig, veral Hoofstuk 6, wat gaan oor menseregte en ander grondwetlike regte, asook die Provinsiale Grondwet van die Wes-Kaap, veral Hoofstuk 4. Die wette hieronder gelys, rig en stuur alle optrede en verantwoordelikhede nagekom deur die Departement.

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Grondwet van die Wes-Kaap, 1997
- Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1 van 1999
- Wet op Interregeringsverhoudingsraamwerk, 13 van 2005
- Wet op die Staatsdiens, Prok 103 van 1994
- Pensioenfondswet, 24 van 1956
- Wet op Inkomstebelasting, 58 van 1962
- Wet op Staatstenderraad, 86 van 1968
- Wet op Voorskrifte, 68 van 1969
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993
- Wet op Vergoeding vir Werksbeserings en -siektes, 130 van 1993
- Wet op Arbeidsbetrekkinge, 66 van 1995
- Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 67 van 1995
- Wet op Staatsamptenare se Pensioen, Prok 21 van 1996
- Wet op Nasionale Argiewe en Rekorddienste van Suid-Afrika, 43 van 1996
- Wet op Uitbreiding van verblyfregsekerheid, 62 van 1997
- Wet op Basiese Indiensnemingsvoorwaardes, 75 van 1997
- Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 27 van 1998
- Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998
- Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 117 van 1998
- Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings, 9 van 1999
- Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000
- Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000
- Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 4 van 2000
- Wet op Voorkeur-aankoopbeleidsraamwerk, 5 van 2000
- Wet op Beskernde Openbaarmakings, 26 van 2000
- Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 32 van 2000
- Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging, 53 van 2003
- Wet op Plaaslike Regering: Bestuur van Munisipale Finansies, 56 van 2003
- Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 6 van 2004
- Wet op Voorkomings en Bekamping van Korrupte Bedrywighede, 12 van 2004
- Wet op Openbare Oudit, 25 van 2004

- Wet op Staatsinligtingstechnologie-agentskap, 88 van 1998
- Wet op die Bestuur van die Staat se Vaste Eiendom, 19 van 2007
- Wet op Verdeling van Inkomste (jaarliks)
- Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdad, 121 van 1998
- Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 38 van 2001
- Wet op Elektroniese Kommunikasieveligheid (Edms.) Bpk., 68 van 2002
- Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002
- Wet op Wes-Kaapse Grond-administrasie, 6 van 1998
- Wet op Wes-Kaapse Wetgewing oor die Magte en Voorregte van die Provinsiale Wetgewer (Wet 3 van 1995)
- Wet op Wes-Kaapse Direkte Tariewe, 6 van 2000
- Wet op Provinsiale Argiewe en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 3 van 2005
- Wet op Wes-Kaapse Provinsiale Openbare Beskermer, 6 van 1994
- Wet op Wes-Kaapse Delegasie van Magte, 7 van 1994
- Wet op Wes-Kaapse Wapenskild, 7 van 1998
- Wet op Wes-Kaapse Provinsiale Kommissies, 10 van 1998
- Wet op Wes-Kaapse Provinsiale Eerbetonings, 9 van 1999
- Wet op Gedragskode vir Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, 3 van 2002
- Herroepingswet op Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie, 2 van 2009
- Provinsiale Restaurantordinasie, 23 van 1964
- Ordinansie op Komitees van Ondersoek, 13 van 1978
- Herroepingswet op Provinsiale Ontwikkelingsraad, 5 van 2011

Daarby word die Departement, as 'n entiteit en ter vervulling van sy rol binne die provinsiale regering, gerig deur nasionale beleidsmandate, veral die volgende:

- Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk – 2010 – 2014
- Nasionale Beplanningskommissie – Witskrif – Oktober 2009
- Nasionale Monitering- en Evaluasieraamwerk – Witskrif – Oktober 2009
- Nasionale Aksieplan 2010 – 2014
- Nasionale Strategiese Raamwerk van die Departement vir Vroue, Kinders en Persone met Gestremdhede
- Spesifieke Nasionale Beleidsraamwerke vir Geslagsgelykheid en Vroue-bemagtiging, Gestremdheid en Kinders
- Nasionale Jeugbeleid (2009-2014) van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap
- Beleidsraamwerke van die Nasionale Departement van die Staatsdiens en Administrasie oor Geslagsgelykheid, gestremdheid en die Jeug in die Staatsdiens
- Nasionale Meetbare Uitkomst





### 3. Oorsig van 2012/13-begroting en Mediumtermyn-Bestedingsraamwerk (MTBR)

#### 3.1 Bestedingsramings

Tabel 3: Bestedingsramings vir die Departement van die Premier

Program	Geouditeerde uitkoms			Aangepaste toewysing	Mediumtermyn-bestedingsraming		
	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15
R duisende							
1. Uitvoerende Ondersteuning (Administrasie)	84 370	75 325	67 024	66 724	67 094	73 267	76 349
2. Provinsiale Strategiese Bestuur	26 821	64 272	34 440	30 356	32 115	37 056	39 306
3. Mensekapitaal (Korporatiewe Dienstesentrum)	54 301	57 782	84 449	119 211	134 759	144 994	148 211
4. Sentrum vir e-Innovering	207 517	242 785	363 486	394 823	372 849	401 427	420 314
5. Korporatiewe Versekering (Korporatiewe Dienstesentrum)	56 484	37 925	71 519	82 904	92 985	97 692	101 487
<b>Totaal</b>	<b>429 493</b>	<b>478 089</b>	<b>620 918</b>	<b>694 018</b>	<b>699 802</b>	<b>754 436</b>	<b>785 667</b>
Verandering aan 2011-begrotingsraming					5 784	60 418	91 649
<b>Ekonomiese klassifikasie</b>							
<b>Bedryfsbetalings</b>	<b>381 064</b>	<b>414 245</b>	<b>569 439</b>	<b>660 530</b>	<b>657 562</b>	<b>710 700</b>	<b>744 796</b>
Vergoeding van werknemers	172 642	210 849	266 420	331 969	356 984	385 532	410 025
Goedere en dienste	208 168	203 113	302 727	328 519	300 312	324 878	334 461
waarvan:							
Kommunikasie	5 305	5 259	4 922	4 752	4 959	5 206	5 525
Rekenaardienste	101 966	118 962	216 501	235 863	189 683	204 937	214 735
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	40 630	25 477	35 741	37 414	54 689	60 547	58 978
Voorraad	4 389	5 507	5 844	6 552	7 515	8 004	8 482
Huurbetalings	2 862	3 211	5 395	4 424	2 312	2 555	2 690
Reis en verblyf	14 323	12 772	8 329	13 135	12 895	13 700	14 525
Byeenkomsplekke en geriewe	4 421	5 566	1 493	3 277	2 261	2 725	2 823
Ander	34 272	26 359	24 502	23 102	25 998	27 204	26 703
Rente en huur van grond	254	283	292	42	266	290	310
Betalings vir finansiële bates	63	48	117				
<b>Oordagte en subsidies aan:</b>	<b>26 171</b>	<b>16 959</b>	<b>15 392</b>	<b>17 281</b>	<b>29 250</b>	<b>27 350</b>	<b>27 350</b>
Provinsies en munisipaliteite		850			18 500	18 500	18 500
Departementele agentskappe en rekeninge	17 442	8 211	7 528	6 000			
Universiteite en teknikons	10						
Openbare korporasies en private ondernemings	30						
Nie-winsgewende instellings	8 402	7 458	6 241	11 111	10 750	8 850	8 850
Huishoudings	287	440	1 623	170			
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>22 195</b>	<b>46 837</b>	<b>35 970</b>	<b>16 207</b>	<b>12 990</b>	<b>16 386</b>	<b>13 521</b>
Geboue en ander vaste strukture		22 291	835				
Masjinerie en toerusting	22 195	24 546	35 135	16 207	12 990	16 386	13 521
Vervoertoerusting							
Sagteware en ander nie-fasbare bates							
<b>Totaal</b>	<b>429 493</b>	<b>478 089</b>	<b>620 918</b>	<b>694 018</b>	<b>699 802</b>	<b>754 436</b>	<b>785 667</b>

### 3.2 Verband tussen bestedingstendense en strategiese doelwitte

Weens besparingsmaatreëls aangekondig deur die nasionale Minister van Finansies het die Wes-Kaapse Provinsie 'n konserwatiewe begrotingsbenadering vir 2012/13 gevolg. Die besnoeiing van die billike aandeel (*equitable share*) wat die Wes-Kaap van die nasionale regering sal ontvang, het 'n ooreenstemmende vermindering in die Departement se basiese begroting vir 2012/13 tot gevolg gehad, wat min ruimte vir begrotingsuitbreiding gelaat het. Nuwe inisiatiewe in hierdie prestasiejaarplan sal hoofsaaklik deur interne herprioritisering van leweringsmikpunte, of uitgestelde implementering van sommige inisiatiewe befonds moet word.

Die leweringsmikpunte van Program 1, Uitvoerende Ondersteuning (Administrasie), ondersteun die departementele strategiese doelwit gemik op die lewering van relevante en tydige uitvoerende ondersteuningsdienste vir die Uitvoerende bestuur en die Direkteur-generaal van die Wes-Kaapse Regering, wat die regeer van die provinsie moontlik sal maak.

'n Bedrag van R67 094 000 is aan hierdie program toegewys. Die toewysing maak voorsiening vir 'n saamgestelde program wat administratiewe ondersteuningsdienste aan die Uitvoerende bestuur verskaf.

Program 2, Provinsiale Strategiese Bestuur, ondersteun die departementele strategiese doelwit om die Premier en Kabinet professioneel te ondersteun sodat hulle hul uitvoerende rol wat betref strategiese bestuur doeltreffend kan vervul.

'n Bedrag van R32 115 000 is aan hierdie program toegewys om voorsiening te maak vir salarisverhogings en die vul van poste, veral in die Direkoraat: Ruimtelike Inligting. Dit maak voorsiening vir ondersteuning aan die Uitvoerende bestuur wat betref provinsiale beleid en strategie, strategiese bestuursinligting, strategiese kommunikasie en strategiese projekte.

Programme 3, 4 en 5, naamlik Mensekapitaal, Sentrum vir e-Innovering en Korporatiewe Versekering, gaan oor die nastreef van die departementele strategiese doelwit gemik op die bereiking van doeltreffende, effektiewe en professionele korporatiewe dienste met uitnemende mense, prosesse en tegnologie sodat die Wes-Kaapse Regering die beste dienste moontlik kan lewer.

Program 3, Mensekapitaal mik na die verskaffing van 'n hoogs bekwame arbeidsmag, die skep van 'n bemagtigende werksplek en die ontwikkeling van leierskap wat werknemerdeelname en optimale dienslewering moontlik maak. 'n Bedrag van R134 759 000 is aan hierdie program toegewys. Die toewysing is verhoog om voorsiening vir salarisverhogings en die vul van poste te maak.

'n Bedrag van R372 849 000 is aan Program 4 toegewys in die nastrewing van sy mikpunt om optimale dienslewering moontlik te maak deur strategiese rigting te gee en innoverende inligting en kommunikasietegnologie binne die Wes-Kaapse Regering te verskaf. Hierdie bedrag is minder as dié van die vorige finansiële jaar omdat die toewysing van die Microsoft-lisensies vorentoe na die 2010/11-boekjaar geskuif is.

Die doel van Program 5, Korporatiewe Versekering, is om korporatiewe versekeringsdienste te verskaf sodat 'n volwasse beheerraamwerk in alle departemente van die Wes-Kaapse Regering gevestig kan word deur ingebedde risikobestuur, beter sakeprosesse en geen verdraagsaamheid teenoor bedrog en korrupsie nie. Dit sluit voorts die voorsiening van Regsdienste en Korporatiewe Kommunikasie in. 'n Bedrag van R92 985 000 is aan hierdie program toegewys.



**DEEL B:**  
PROGRAM- EN  
SUBPROGRAMPLANNE

## DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

Die programstruktuur van die Departement van die Premier word bespreek onder *Organisatoriese Omgewing* en word in Tabel 2 getoon.

Die prestasietekens vir die strategiese mikpunte en elk van die vyf programme, sowel as die prestasie-aanwysers wat die evaluering van die algehele prestasie van elke program vir die finansiële jaar van 2012/13 sal fasiliteer, word in hierdie deel van die verslag getoon.

### 4. PROGRAM 1: UITVOERENDE ONDERSTEUNING (ADMINISTRASIE)

Hierdie program ondersteun die strategiese doelwit gemik op die lewering van relevante en tydlige uitvoerende-regeringsteundienste aan die Uitvoerende bestuur en die Direkteur-generaal van die Wes-Kaapse Regering.

Die strategiese doelwit en strategiese mikpunte verwant aan hierdie program is aangepas om dit meer gefokus en in lyn met al die gelewerde funksies te kry sonder dat 'n fundamentele verandering gemaak word.

Die program streef die volgende strategiese mikpunte na:

1. **Kantoor van die Premier:** Om 'n administratiewe steundiens aan die Premier te verskaf.
2. **Uitvoerende Sekretariaat:** Om doeltreffende regering te ondersteun deur die verskaffing van 'n toeganklike uitvoerende sekretariaat, protokol en administratiewe ondersteuning, strategiese riglyne en inligting oor internasionale betrekkinge en menseregte.
3. **Kantoor van die Direkteur-generaal:** Om departementele bestuursteun te verskaf om die Direkteur-generaal in staat te stel om sy statutêre pligte, strategiese rolle en verantwoordelikhede na te kom.

Die program sal bydra tot die bereiking van die provinsiale strategiese doelwit gemik op die bou van die besbestuurde streeksregering ter wêreld deur die opstel en toepassing van beleid, protokolle en riglyne oor internasionale betrekkinge. Op die bilaterale vlak sal strukture gevestig en kontak gekoördineer en gefasiliteer word. Die sluit en toepassing van wedersydse voordelige bilaterale ooreenkomste sal hernude aandag kry.

Die funksie van Adjunk-inligtingsbeampte, soos vereis deur die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA), val ook onder hierdie program.

In die finansiële jaar van 2012/13 sal die program 'n besluitopsporingstelsel in die Direktoraat Sekretariaatdienste implementeer. Hierdie stelsel sal dit makliker maak om die implementering van besluite geneem deur die provinsiale departemente, na te gaan.

Nog 'n stelsel wat geïmplementeer sal word, sal 'n gevallebestuursvermoë aan die Direktoraat Menseregte-ondersteuning verskaf. Die stelsel sal die Direktoraat in staat stel om elke menseregte-kwessie wat deur die publiek aanhangig gemaak is, te volg vanaf die aanvanklike ondersoek tot sy finalisering. Dit sal gevolglik ook die beskikbaarheid van betroubare data oor regeringsingryping in hierdie verband verseker.

Befondsing is verskaf vir verbeterde vermoë om nakoming van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die Minimum Inligtingsekuriteitstandaarde te verseker.

Die program sal aktief streef na 'n bereikingsgradering van 3 (volle nakoming) in sy finansiële bestuursvermoë.

Daar is geen veranderinge aan die begrotingstruktuur van hierdie program nie.

## 4.1 Strategiese mikpunte en jaarteikens 2012/13

Tabel 4.1: Strategiese mikpunte en jaarteikens

Strategiese mikpunt	Strategiese mikpunt volmag-aanwyser	Geouditeerde/Werklike prestasie			Raming van prestasie 2011/12	Mediumtermyn-teikens			
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15	
1.1	<b><u>Kantoor van die Premier:</u></b> Om 'n administratiewe ondersteuningsdiens aan die Premier te lewer.	Tevredenheidsvlak van die Premier met ondersteuningsdiens gelewer, gemeet in 'n gegewe jaar.	Nie gemeet nie	Nie gemeet nie	Nie gemeet nie	90%	90%	90%	90%
1.2	<b><u>Uitvoerende Sekretariaat:</u></b> Om doeltreffende regering te ondersteun deur die verskaffing van toeganklike uitvoerende sekretariaat, protokol en administratiewe steun, strategiese riglyne en inligting oor internasionale betrekkinge en menseregte	Aantal Uitvoerende en bestuursake wat ondersteun is.	44	52	96	100	100	100	100
1.3	<b><u>Kantoor van die Direkteur-generaal:</u></b> Om departementele bestuursteun te verskaf sodat die Direkteur-generaal statutêre pligte en strategiese rolle en verantwoordelikhede kan nakom.	'n Skoon ouditverslag.	Ongekwalifiseerde oudit met twee sake uitgelig	Ongekwalifiseerde oudit met vier sake uitgelig	Ongekwalifiseerde oudit met een saak uitgelig	Ja	Ja	Ja	Ja

## 4.2 Prestasie-aanwysers en jaarteikens 2012/13

Tabel 4.2: Prestasie-aanwysers en jaarteikens

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Raming van prestasie 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
<b>Subprogram 1.1: Programondersteuning</b>								
1.1.1	Alle wetlik vereiste verslae ingedien ingevolge departementele tydsraamwerke.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4
<b>Subprogram 1.2: Kantoor van die Premier</b>								
1.2.1	Vlak van Premier se tevredenheid met verskaffing van ondersteuningsdienste, gemeet in 'n gegewe jaar.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	90%	90%	90%	90%
<b>Subprogram 1.3: Uitvoerende Sekretariaat</b>								
1.3.1	Aantal uitvoerende en bestuursgevalle ondersteun.	44	52	96	100	100	100	100
1.3.2	Aantal menseregteprojekte gekoppel aan internasionale en nasionale herdenkingsdae wat strategies ondersteun is.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	15	6	6	6	6
1.3.3	Aantal sektorspesifieke menseregte- raamwerke wat ontwikkel is.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4 (Beleids- raamwerke)	Geen	Geen
1.3.4	Aantal aktiewe internasionale ooreenkomste tussen die Wes-Kaap en internasionale vennote wat bestuur en gemonitor is.	7	6	6	7	8	9	9
1.3.5	Aantal gemoniteerde verslae oor die implementering van resolusies van Streeksleiersberade.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	2
1.3.6	Gee leiding oor die uitoefening van internasionale betrekkinge deur relevante protokolriglyne.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1 (Protokol- riglyne oor uitoefening van internasionale betrekkinge ontwikkel en toegepas)	Geen	Geen

<b>1.3.7</b>	Gee leiding oor internasionale kontakte deur die vestiging en instandhouding van 'n interdepartementele struktuur.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	1
--------------	--	---------------	---------------	---------------	---------------	---	---	---

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Raming van prestasie 2011/12	Mediumtermyn-teikens		
		2008/09	2009/10	2010/11		2012/13	2013/14	2014/15
<b>Subprogram 1.4: Kantoor van die Direkteur-generaal</b>								
1.4.1	Aantal ingrypings geïmplementeer om seker te maak die Minimum Inligtingsekuriteitstandaarde (MISS) word geïmplementeer.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	2	2
1.4.2	Aantal ingrypings geïmplementeer om te verseker die fundamentele aspekte van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHSA) word toegepas.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	5	2	2
1.4.3	Vlak van Direkteur-generaal se tevredenheid met persoonlike ondersteuningsdiens, gemeet in 'n spesifieke jaar.	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	80%	83%	85%	90%
<b>Subprogram 1.5: Departementele Finansies en Administrasie</b>								
1.5.1	'n Skoon ouditverslag.	Ongekwalfiseerde ouditverslag met twee sake uitgelig	Ongekwalfiseerde ouditverslag met vier sake uitgelig	Ongekwalfiseerde ouditverslag met een saak uitgelig	Ja	Ja	Ja	Ja
1.5.2	Persentasie besteding van die begroting van die Departement behaal in die vorige finansiële jaar.	99.3%	95.4%	98.7%	99.6%	99%	99%	99%
1.5.3	Persentasie van goedgekeurde poste wat gevul is.	72.60% van 82 poste	78.38% van 82 poste	62.82% van 78 poste	75% van 78 poste	90% van 91 poste	90% van 91 poste	90% van 91 poste
